Om oppervlakte te bereken deur te ondersoek en te skat [*

Siyavula Uploaders

This work is produced by The Connexions Project and licensed under the
Creative Commons Attribution License †

1 WISKUNDE

2 Meting en Tyd

3 Oppervlakte

4 OPVOEDERS AFDELING

5 Memorandum

2. A: 4 cm × 3 cm = 12 cm^2
   B: 6 cm × 2 cm = 12 cm^2
   4. ± 17 m^2

*Version 1.1: Apr 9, 2009 2:43 pm -0500
†http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

5.1 LEERDERS AFDELING

6 Inhoud

6.1 AKTIWITEIT: Om oppervlakte te bereken deur te ondersoek en te skat [LU 4.8.2]



Figure 1

1. Trek die volgende figuur oor en knip op die stippellyne uit. Gebruik nou die 9 papiervorms om verskillende figure met **dieselfde oppervlakte** te bou. *(Jy moet dus elke keer al die stukkies gebruik.)*
2. Meet en bereken die oppervlakke van fig. A en fig. B:



Figure 2

A: _____



Figure 3

B: _____

Ø Wat sien jy? Kan jy dit verklaar?

3. Dieselfde gebeur in die volgende geval. Trek die figure netjies oor en knip hulle uit. Bou dit soos in die figure aangedui en bereken dan die oppervlakte.



Figure 4



Figure 5

4. **KOPKRAPPER!**

Die Marais's het 'n nuwe swembad gebou. Nou moet daar 'n veiligheidsnet oorgesit word. Wat is die totale oppervlakte van water wat bedek moet word? (Elke blokkie is 1 m^2.)



Figure 6

TYD VIR SELFASSESSERING

Dit is belangrik dat jy die voorafgaande werk sal verstaan en die nodige berekeninge moet kan doen. Kyk goed na die kriteria en beoordeel jouself deur ‘n regmerkie in die toepaslike kolom te maak.

KRITERIA	Glad nie	Redelik	Goed	Uitstekend
Ek ken die eenheid vir oppervlakte. (LU 4.8)	_____	_____	_____	_____
Ek kan ‘n formule vir die berekening van die oppervlakte van ‘n vierkant neerskryf. (LU 4.8)	_____	_____	_____	_____
Ek kan die formule vir die berekening van die oppervlakte van ‘n reghoek neerskryf. (LU 4.8)	_____	_____	_____	_____
Ek kan die oppervlakte van ‘n onreëlmatige figuur bepaal. (LU 4.8)	_____	_____	_____	_____

Table 1

7 Assessering

Leeruitkomste 4:Die leerder is in staat om gepaste meeteenhede, instrumente en formules in ‘n verskeidenheid kontekste te gebruik.

Assesseringstandaard 4.8: Dit is duidelik wanneer die leerder by benadering ondersoek en bepaal (alleen en/of as ‘n lid van ‘n groep of span):

4.8.2: oppervlakte van veelhoeke (m.b.v. vierkantroosters) ten einde reëls vir die berekening van oppervlakte van vierkante en reghoeke te ontwikkel.